# DIE ORGANISASIE VAN ONS VOLKSLEWE EN DIE TAAK VAN CHRISTELIKE HOËR ONDERWYS IN VERBAND DAARMEE.

Voordat ons kan vasstel wat die taak is wat C.H.O. ten opsigte van die organisasie van ons volkslewe moet volbring, is dit nodig om eers te verduidelik wat ons onder die organisasie van ons volkslewe verstaan.

Ons verduideliking van hierdie begrip kan geskiktelik geskied met 'n verwysing na die ontwikkeling en die organisasie van die lewe van die menslike indiwidu.

As 'n kind gebore word, dan vind daar ontwikkeling plaas, ontwikkeling as gevolg van instinktiewe drange wat inherent in sy wese aangebore is. Hierdie instinkmatige ontwikkeling sal ons nie bestempel as organisasie nie. Immers, die kind is nog te jonk om deur middel van verstands- of redewerksaamheid selfbepalend mee te werk in die proses van sy liggaamlike en geestelike ontwikkeling. Hy lewe nog nie *bewus* nie; hy tree nog nie in die geringste mate aktief-organiserend op in verband met sy persoonlike lewe nie.

Ietwat later tree die kind 'n nuwe lewensfase binne, die fase van *bewuste* lewe. Hy leer om te loop, om te praat en om allerhande dingetjies vir homself te doen. Hoe woelig en aktief die kind ook al in hierdie lewensfase mag wees, hoe oulik en „intelligent" hy ook al mag wees, een ding staan vas: hy is nog nie in die eintlike sin van die woord 'n *selfbewuste* wese nie; hy het nog geen besef van homself as 'n aparte, selfstandige en selfbepalende menslike wese nie; sy lewe word nog nie beheers deur eie spontane doelstelling nie, maar bloot deur 'n drang tot

nabootsing; hy lewe nie in die eerste persoon nie maar in die derde persoon (hy noem homself nie *ek* nie, maar *Jannie*). Ook in hierdie tydperk van sy lewe tree die kind dus nie aktief-organiserend op in verband met die proses van sy lewensontwikkeling nie.

Op 'n gegewe oomblik egter, gewoonlik na aanleiding van een of ander insident wat enigsins diep in die kind se sielelewe ingryp en in die reël dan met 'n abrupte emosionele skok, vind plotseling die oorgang plaas van die bewuste na die *selfbewuste* lewe, van die lewe in die derde persoon na die lewe in die eerste persoon (meteens noem hy homself *ek* en nie meer *Jannie* nie). Met hierdie plotselinge oorgang tree die besef van die *ek* op die voorgrond, van die ek as 'n aparte, selfstandige persoon wat eie inisiatief openbaar en self verantwoordelikheid dra vir die eie daad.

Met hierdie oorgang tree 'n nuwe en hoogsbelangrike lewensfase in. Dit is die lewensfase waarin die kind deur middel van sy verstands- en redewerksaamheid self begin meewerk in die vorming en bepaling van die proses van sy lewensontwikkeling. Hy begin nou aktief-organiserend optree. Hy begin aktief-organiserend optree in verband met die ontwikkeling en vorming van sy eie persoonlikheid en karakter; hy tree aktief-organiserend op in verband met die aanpassing en inpassing van homself in die verskillende samelewingsverbande en -gemeenskappe; in verband met die vorming van sy lewensideale en sy -bestemming; in verband met die voorbereiding tot en die uitoefening van 'n beroep of bedryf wat moet strek tot onderhoud van homself en later ook van sy gesin, sover dit betref die opbou van 'n woning of tuiste, verkryging van die nodige lewensmiddele en die versekering van 'n veilige toekoms.

Hierdie proses wat die ontwikkeling vanuit die eerste stadium van selfbewuswording tot die bereiking van die hoogtepunt van persoonlike selfstandigheid bewerkstellig, is vanselfsprekend 'n geleidelike langdurende en moeilike proses. Dit is 'n proses egter wat die indiwidu in die loop van tyd oorvoer, vanuit die toestand van passiewe lewensbeheersing deur instinkmatige drange tot 'n toestand waarin hy, ooreenkomstig sy georganiseerde en gestabiliseerde eiendomlike persoonlikheids- en karaktereienskappe, in die lewensfeer en lewensmilieu wat hy tot sy beskikking het, selfstandig sy eie koers en rigting bepalend, alleen binne die voorwaardes en perke wat hy deur selfbeheersing aan homself oplê, sy lewenstaak verrig en sy hoogste bestemming volbring.

Die wordingsgeskiedenis van ons Afrikanervolk is in baie opsigte analoog met die ontwikkelingsgeskiedenis van die menslike indiwidu, soos bo uiters sketsmatig aangedui. 'n Vergelyking met die laaste kan

dan ook verduidelikende lig werp op die wordingsgeskiedenis van ons volk sover dit betref die organisatoriese aspekte daarvan.

Die Afrikanervolk het ontstaan uit die Hollandse, Franse, Duitse en, in baie geringer mate, ander immigrante wat hulle sedert 1652 aan die Kaap kom vestig het. Uit bloedvermenging van genoemde groepe het biologies geleidelik 'n nuwe volksgroep ontstaan, 'n groep wat in die loop van tyd ontwikkel het tot die Afrikanervolk of -nasie. Onder die besondere Suid-Afrikaanse klimatologiese omstandighede en ooreenkomstig die bodemgesteldheid, asook onder besondere lewensomstandighede van allerlei aard, het die Afrikanervolk 'n besondere, eiendomlike volksindiwidualiteit en -karakter ontwikkel, 'n indiwidualiteit en karakter wat essensieel verskil het van die van die nasiegroepe van wie hulle oorspronklik afkomstig was. Hierdie besondere wordingsproses wat die totstandkoming van die Afrikanernasie bewerkstellig het, het met hom noodwendigerwyse meegebring 'n ontwikkeling van die Afrikaanse taal, asook die ontwikkeling van 'n eie besondere geskiedenis, eie tradisies, eie lewensgewoontes, 'n eie lewensuitkyk en in baie opsigte 'n eie, besondere wêreld- en lewensbeskouing.

Wat nou opmerklik is, is dat hierdie wordingsproses van ons volk, met soveel wat dit ingehou het of wat daarmee gepaard gegaan het, hom voltrek het sonder dat die volk homself daarvan bewus was of dat hy in enigermate doelbewus daarop beïnvloedend ingewerk het. Die volk het m.a.w. gedurende die eerste fases van sy wordingsgeskiedenis verkeer in die toestand waarin 'n kind verkeer wanneer hy nog slegs bewus maar nie selfbewus lewe nie. Die volk het in verband met die proses van selfwording nog nie eie inisiatief geopenbaar nie; hy het nog nie aktieforganiserend die stroom van sy lewensgang probeer beïnvloed nie. Nee, die eienaardige is dit: insoverre die volk reeds beliggaming en draer was van 'n eie, besondere eiendomlikheid was hy homself nie daarvan bewus nie, maar insoverre hy doelbewus en selfbewus wou optree, eie inisiatief tot openbaring wou bring, het hy homself in baie opsigte skuldig gemaak aan nabootsing, nabootsing van wat vreemd en uitheems was. Dink bv. aan die gewoonte om Hoog-Hollands te praat sodra 'n openbare toespraak moes gehou word, of die gebruik van Engels sodra iemand in vreemde geselskap gekom het—om nie te praat van die naäpery van Engelse "Society"-maniere nie.

Geleidelik egter het die volk begin ontwaak uit hierdie toestand van lydelike meegaandheid en kinderlike nabootsing. Al na gelang die volk meer-en-meer tot selfbewustheid en doelbewustheid geraak het, het hy hom losgewikkel uit die bande van slaafsheid en het hy meer-en-meer op

verskillende lewensterreine inisiatief begin openbaar en meer-en-meer aktief organiserend begin optree.

Hy het geleidelik oorgegaan vanuit die toestand van 'n bloot bewuste lewe tot die van 'n aktiewe, selfbewuste lewe; hy het 'n lewenstadium bereik waarin hy op doelbewuste wyse begin het om selfbepalend koers en rigting te gee aan die proses van sy eie vorming, en om selfstandig mee te werk aan die uitbouing van sy eie bestaan.

Al na gelang volkspersoonlikheid en -selfstandigheid op die voorgrond getree het, is die verskillende lewensterreine deur middel van arbeid en aktiewe optrede sò omgevorm, sò georganiseer geword dat dit in harmoniese eenheid gebring is met die tipies-suiwere Afrikaner-volkslewe; ja, dat die volkslewe hom op die verskillende lewensterreine as tipiessuiwere Afrikaanse volkslewe tot openbaring gebring het.

Hierdie proses van selfstandigwording op die verskillende lewensterreine, hierdie proses van omvorming en van organisering van die verskillende terreine, het gepaard gegaan met baie wisselvallighede en belemmeringe, met 'n groot mate van stryd en worsteling. Dit is belemmer geword nie alleen deur onkunde wat voortgevloei het uit die toestand van kindsheid waaruit die volk nog nie ontwikkel het nie, maar ook deur oorheersing en selfs opsetlike onderdrukking van die kant van buitelandse magte. Immers, voor 1806 het die wordende Afrikanervolk onder die oorheersing van Nederlandse invloede gestaan; daarna onder die oorheersing en soms die opsetlike onderdrukking van Britse Imperialisme.

Laat ons ter verduideling van ons bedoeling na die organisasie van ons volkslewe op enkele besondere gebiede verwys. Vanselfsprekend moet dit uiters kort en skematies geskied.

Op *ekologiese* gebied is die koloniste, na hulle vestiging aan die voet van Tafelberg, spoedig deur faktore van bodem en klimaat gedwing om, wat betref woning, kleredrag en algemene lewenswyse, hulle aan te pas by die eise van hulle nuwe landstuiste. Poginge om, wat hierdie aangeleenthede betref, te volhard by datgene waaraan hulle in hul oorspronklike vaderland gewoon was, sou vir hulle noodlottige gevolge meegebring het. Nuwe landsomstandighede het hulle onverbiddelik gedwing tot nuwe vorme van lewensorganisasie op ekologiese gebied.

Die uitoefening van beroep en bedryf hang ten nouste saam met die moontlikhede wat deur ekologiese faktore gebied word. Vanselfsprekend moes die koloniste, onder die besondere voorwaardes wat deur die Suid-Afrikaanse bodemgesteldheid en klimaatstoestande gebied word, kom tot die organisasie van *nuwe beroeps- en bedryfsvorme.* Die stryd om die bestaan het hulle eenvoudig gedwing om in hulle nuwe tuiste arbeids- en

bedryfsvorme te ontwikkel wat aanpas by hulle nuwe landsomstandighede en wat gevolglik die beste kanse bied vir 'n sorgvrye lewensbestaan. Dit is nie bloot toevallig nie dat die nuwe Afrikaanse nasie ontwikkel het tot 'n *Boere*nasie; dit was 'n lewensnoodwendigheid.

Het die nuwe landsomstandighede die stigters van die Afrikanervolk gedwing om op ekologiese gebied en op die gebied van hulle lewensbedryf en -beroep aktief-organiserend op te tree, op die gebied van die gebruik van eie taal was dit heeltemal anders. Wel het die Afrikaanse taal sy plek verower as die spreektaal in die daelikse omgang, maar dit was ook àl. In die kerk, in die skool, in die Regeringskantore is hy verdring geword, eers deur Nederlands en later deur Engels (behalwe in die kerk waar laasgenoemde wel binnegedring het maar die terrein nie verower het nie). Die stryd wat die Afrikaner gevoer het om homself, wat die gebruik van eie taal betref, te organiseer, is wel bekend—ons wei nie daaroor uit nie. Net dit: dit is byna ongelooflik dat 'n volk vir bykans etlike eeue teen eie onkunde en teen oorheersing en onderdrukking van buite moes stry om, wat die amptelike gebruik van sy eie taal betref, oor te gaan uit die bewuste lewensfase van nabootsing tot die van selfbewuste en aktiewe inisiatief en organisasie.

En watter stryd het dit die Afrikaner nie gekos om hierdie selfde oorgang te maak op *onderwysgebied* nie! 'n Stryd om homself los te wikkel uit die dodende bande van 'n vreemde taal en van vreemde stelsels in sy eie Afrikaanse skool; 'n stryd om op onderwysgebied te bereik 'n georganiseerde toestand waarin die Afrikanerjeug opgevoed kan word om homself te wees en nie 'n na-gemaakte uitlander nie.

Wat die *godsdiens* van die Afrikaner betref, dien daarop gewys te word dat dit die grondslag gevorm het van sy volksontstaan en -wording; dat dit die belangrikste en kragtigste bron van krag, moed en geesdrif was in sy stryd vir self-instandhouding en selfhandhawing. Weliswaar, die Afrikaner het die fondamentele beginsels van sy godsdienstige wêreld- en lewensbeskouing as 'n kosbare erfenis vanuit die Europese Calvinistiese lande ontvang, en aan hierdie fondamentele waarheidsbeginsels mag nooit getorring word nie. Maar tog, wat betref die beoefening en uitoefening van sy godsdiens, wat betref die belewing daarvan en die openbaring daarvan in Skriflesing, gesang en gebed, was organisasie en nuwe inkleding onder 'n nuwe volk onder nuwe omstandighede, onder 'n volk met 'n nuwe taal, 'n onontbeerlike vereiste. En watter stryd het dit nie gekos om hierdie doel te bereik nie!

Op die bo-aangeduide terreine is die poginge van die Afrikaner om deur organiserende optrede selfstandigheid te bereik en sy eie wese en

karakter tot openbaring te bring, met 'n groot mate van sukses bekroon. Op genoemde terreine dreig altans geen onmiddelike gevaar nie; dit is nou 'n kwessie van handhaaf en bou. Daar is egter enkele ander gebiede waarop die Afrikaner, wat betref die uitbouing en inwerkstelling van sy eie organisasiebeleid, veral onder die teenswoordige omstandighede, ernstige teenkanting en bedreiging ondervind. Dit is nl. op staatkundige gebied, op die gebied van rasseverhoudinge en op die gebied van handel en nywerheid.

Die stryd wat die Afrikanerdom gevoer het om sy volkslewe op *staatkundige* gebied te organiseer in 'n onafhanklike, christelik-republikeinse staatsvorm is oorbekend. Die strewe van die Afrikanerdom in hierdie opsig het tot sy sterkste openbaring gekom in die Groot Trek en in die stigting van die Boere-Republieke, asook in die vryheidsworstelinge teen die Britse Ryk. Dit kom opnuut tot openbaring in die optrede en stryd van die huidige anti-imperialistiese groepe in ons land. Die tragiek van die situasie is alleen dit dat hierdie groepe in hulle optrede en stryd te kampe het nie alleen met die magte van die Imperialisme nie, maar ook met onderlinge verdeeldheid en broedertwis. Weer 'n bewys dat die Afrikanerdom eers organisasie en konsolidasie in eie geledere moet bewerkstellig voor-en-aleer hy 'n deeglik-georganiseerde front kan maak teenoor sy werklike vyand.

Net soos op staatkundige gebied het die Afrikaner reeds lankal ook op die gebied van *rasseverhoudings*, veral sover dit sy verhouding tot die primitiewe rasse betref, sy beleid van segregasie en voogdyskap uitgewerk en vasgelê. Die deurvoering van sy beleid in die praktyk egter is nog altyd bestry en belemmer geword van die kant van die liberalistiese Imperialisme. As die Britse Imperialisme, in bondgenootskap met Sowjet-Rusland, 'n oppermagtige oorwinning in die huidige oorlog behaal, sal die Afrikanerdom voorwaar nie net ten opsigte van sy organisasie in die rigting van die verwesenliking van sy republikeinse ideaal ernstig getref en bedreig word nie, maar beslis ook ten opsigte van die organisering van homself op die gebied van rasseverhoudings. Die kommunistiese vyand sal in 'n magsposisie vlak voor sy deur staan.

'n Terrein waarop die Afrikaner in die verlede nog feitlik ongeorganiseerd gestaan het, is die van *handel en nywerheid*. Terloops is reeds opgemerk dat die Afrikanernasie uit die aard van sy lands- en lewensomstandighede noodwendig moes ontwikkel het tot 'n nasie van boere. Sy historiese ontwikkeling het dit meegebring dat hy teenoor die stad, teenoor die handel en nywerheidswêreld vreemd te staan gekom het. Die ergste van alles is dat hy nie net vreemd gestaan het teenoor hierdie

lewensfere nie, maar dat hy in baie gevalle deur gewetenlose persone ekonomies uitgebuit en geruïneer is. In kort: die Afrikaner was op die gebied van handel en nywerheid nog nooit tot selfstandigheid georganiseerd nie. Dit stem tot groot dankbaarheid dat die Afrikaner in die jongste tyd homself bewus geword het van sy ongeorganiseerdheid op hierdie gebied en dat hy daadkragtige poginge in werking stel om die groot agterstand in te haal.

Ons het getrag om te verduidelik wat ons verstaan onder die organisasie van ons volkslewe. Ons het getrag om dit te doen deur te verwys na enkele terreine van die volkslewe. Dit het geblyk dat, net soos die indiwiduele mens, al na gelang hy meer-en-meer tot selfbewustheid en doelbewustheid kom, hy hom, deur inwendige en uitwendige organisasie, op die verskillende lewensterreine tot selfstandigheid uitbou en 'n roeping en bestemming volbring, so het dit ook gebeur met ons volk. Die volk het, al na gelang hy geleidelik tot meerdere selfbewustheid en doelbewustheid ontwikkel het, die een lewensterrein na die ander, en dikwels verskillende terreine tegelyk (die lewe laat nooit sy ontwikkeling op verskillende gebiede in 'n eksakte orde van opeenvolging inmekaar skuiwe nie), deur aktiewe organisasie probeer koördineer en sistematiseer in die wordende geheel van sy bestaan en sy lewe. Ons het gesien dat die volk op sommige terreine deur sy organiserende aksie en stryd al veel tot stand gebring het, die gevare wat gedreig het al grotendeels oorwin het. Ons het egter ook gesien dat daar ander terreine is waarop, nieteenstaande harde stryd en worsteling, nog nie veel bereik is nie, dat die toestand selfs lewensgevaarlik is. Een ding staan vas: watter mate van sukses ook al bereik mag wees of nie bereik mag wees nie, die Afrikanerdom word in die teenswoordige tyd, miskien meer as ooit tevore, opgeroep tot aksie en stryd, tot organisatoriese aksie en stryd om sy volksbestaan op die verskillende lewensterreine nie alleen te handhaaf nie, maar ook steeds verder en verder te ontwikkel en uit te bou.

En wat is nou—heel kort—die taak van Christelike Hoër Onderwys in verband met die organisasie van ons volkslewe? Wat is in hierdie opsig die taak van C.H.O. soos beoefen en beliggaam in die P.U.K. vir C.H.O.?

Die P.U.K. stel vir homself, kragtens sy ontstaan en sy historiese ontwikkeling, die hoë en verhewe ideaal om op die gebied van onderwys, opvoeding en wetenskap die draer te wees van die Calvinisties-Christelike wêreld- en lewensbeskouing. Wat die opleiding van studente betref, stel die P.U.K. hom ten doel om, kragtens die moontlike studierigtinge waarin hy voorsiening maak, persone te vorm wat as voorligters en leiers kan

optree op die gebiede van kerk en godsdiens, onderwys en opvoeding, staatkunde en die regswese, maatskaplike opheffing, handel en nywerheid, tegniek en natuurwetenskap. In sy opleiding en vorming van die jeug trag die P.U.K. om, na die beste van sy vermoë, dit te doen streng volgens die beginsels van die Calvinistiese wêreld- en lewensbeskouing. En van sy gevormde studente verwag die P.U.K. dat hulle self ook op die verskillende lewensterreine waarop hulle later hul arbeid verrig en hul lewensbestemming volbring, draers en propageerders sal wees van die genoemde wêreld- en lewensbeskouing.

Die Calvinisties-Christelike wêreld- en lewensbeskouing is by uitstek die wêreld- en lewensbeskouing van die Afrikanervolk. As die Afrikanervolk sy hoogste roeping en bestemming wil volbring, dan is dit 'n onverbiddelike vereiste dat hy sy lewe op alle verskillende terreine moet organiseer en inrig ooreenkomstig die beginsels van die wêreld- en lewensbeskouing waarvan hy kragtens sy ontstaan en ontwikkeling die draer is. As die P.U.K. dus sy studente oplei en vorm volgens die beginsels van C.H.O. en as hy deur die genade van God daarin mag slaag om manne en vroue te vorm en te bekwaam, wat op die verskillende terreine waarop die volk sy lewe moet organiseer, leiding en koers kan gee, dan volbring hy 'n hoë en edele roeping, 'n roeping in belang van die Afrikaner-volk, 'n roeping in belang van die eer en verheerliking van die Naam van die God van die Afrikanervolk.

J. C. VAN ROOY.

Potchefstroom.